PREEKNOTA

Datum: **10/03/2024**

1. Watter "groener-gras-besluite" het jy al gemaak?

2. Hoe en hoekom gebeur dit met jou?

a) Gedryf deur sonde en versoeking.

b) Gedryf deur onsekerheid en moontlikheid.

1 Samuel 18:8-9 (NLV) 8Saul het gebrand van jaloesie, en die woorde was vir hom 'n belediging. Hy sê toe: "Aan Dawid het hulle tienduisende gegee, maar vir my net die duisende. Al wat hy nog kortkom, is die koningskap!" 9Van daardie dag af het Saul vir Dawid gewantrou.

1 Samuel 18:26-30 (DB) 26Toe die amptenare vir Dawid sê wat die voorwaarde is, het hy besluit om die koning se skoonseun te word. Hy het dadelik aan die werk gespring, 27alles reggekry, saam met sy manne uitgegaan en 200 Filistyne doodgeslaan. Dawid het al hulle voorhuide gebring en dit vir die koning gegee sodat hy sy skoonseun kon word. Saul het Mikal toe met hom laat trou. 28Saul het self gesien en geweet dat die Here vir Dawid help en dat sy dogter Dawid liefhet. 29Daarom was hy nóg banger vir Dawid, en solank hy geleef het, was hy Dawid se vyand. 30Die Filistyne het baie keer teen die Israeliete oorlog gemaak, maar elke keer het Dawid beter gevaar as Saul se offisiere. So het Dawid beroemd geword.

3. Wat is die gevolge?

a) Dinge vererger.

1 Samuel 19:1-2 (DB) 1Saul het vir sy seun Jonatan en al sy offisiere gesê om Dawid dood te maak. Omdat Jonatan baie erg was oor Dawid, 2het hy dit vir hom gaan vertel: "My pa wil jou laat doodmaak," het hy gesê. "Jy moet môreoggend lig loop. Kry vir jou 'n veilige plek en gaan kruip weg.

b) Jy vra hoekom die Here dit toegelaat het.

Psalms 13:1-5 (DB) 1Vir die musiekleier se aandag: 'n Dawidspsalm vir snaarbegeleiding 2Hoe lank gaan U my nog alleen los, Here? Gaan U my aanmekaar bly vergeet? As U my nie help nie, voel dit of my swaarkry 'n ewigheid lank aanhou. Hoe lank gaan U niks aan my krisis doen nie? 3Hoe lank moet ek myself uit hierdie moeilikheid probeer kry? Ek is moeg daarvoor om aanmekaar bekommerd te wees. Hoe lank gaan my vyande my nog teen die planke vasdruk? 4Gee tog aandag en antwoord my, Here my God; maak my weer gelukkig. Anders is daar geen ander uitweg vir my as die dood nie.5Moenie dat hulle wat niks van my hou nie, sê: "Ek het hom op sy plek gesit!" nie.

My vyande sal bly wees as ek dood neerslaan.

4. Wat doen jy as dit die groener gras en klipperige grond is?

a) Maak staat op God se liefde vir jou.

Psalms 13:6 (DB) 6Maar ek het op u getroue liefde staatgemaak. In my binneste borrel dit van vreugde omdat U my uit my moeilikheid help. Ek sal die Here se Naam met vreugde grootmaak omdat Hy so goed is vir my!

b) Besef dit gaan nie dadelik verander nie.

1 Samuel 19: 6-7 (DB) 6Saul het na Jonatan geluister en by die Here gesweer dat hy Dawid nie sou doodmaak nie. 7Jonatan het toe vir Dawid geroep en hom alles vertel. Hy het Dawid na Saul toe gevat en Dawid het weer soos voorheen vir Saul gewerk.

c) Laat God jou volgende besluite lei.

1 Samuel 24:5-9a (DB) 5"Vandag is die dag!" sê Dawid se manne vir hom. "Die Here het mos vir jou gesê: 'Ek gaan jou vyand aan jou oorgee en jy kan met hom maak wat jy wil.'" Dawid het opgestaan en stilletjies 'n stuk van Saul se mantel afgesny. 6Maar nadat hy dit gedoen het, het hy sleg gevoel daaroor. 7Hy sê toe vir sy manne: "Die Here bewaar my daarvan dat ek so ver sou gaan om my hand op te lig teen my koning, die man wat die Here vir Hom gekies het. Hy is tog die Here se gesalfde!" 8Dawid het baie ernstig met sy manne gepraat. Hy het hulle nie toegelaat om enigiets aan Saul te doen nie. 9Toe Saul opstaan en uit die grot uitgaan…

d) Bly gehoorsaam aan God.

2 Samuel 2:1&4 (DB) 1Daarna het Dawid by die Here raad gevra: "Moet ek in een van die dorpe van Juda gaan bly?" Die Here het "Ja" geantwoord. Dawid vra toe: "In watter dorp moet ek gaan bly?" En die Here antwoord: "In Hebron." 4Die mense van Juda het na Hebron toe gekom en Dawid daar koning gemaak. Hy was net die koning van Juda.

5. Het jy nodig dat God jou red van klipperige grond?

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN – 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER – 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT – 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
076 004 0016 I katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 28 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer:
076 004 0016 I navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
076 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompos Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655